

3 September

Skrifgedeelte: Genesis 40:1-23  
Fokusgedeelte: Genesis 40:4

**Moet nooit jou minderwaardige posisie onderskat nie**

Die plek waar jy seker die minderwaardigste moet voel is in 'n tronk. Die meeste van ons was seker nog nie in 'n tronk nie, maar dit kan gebeur dat jy in jou lewens- of werksomgewing, of selfs in jou gemeente minderwaardig voel, omdat ander meer sukses as jy bereik, jou verontreg of ignoreer. Josef het so gevoel. Hy voel niks werd in die tronk en is boonop wanhopig, want hy stel later sy hoop op vrylating op die skinker, wat moes onthou dat hy sy droom uitgelê het. Wat hy nie geweet het nie, is dat God dit lankal beskik het dat juis hy, Josef, die bakker en die skinker bedien het (vs 4). Later het die skinker hom onthou, toe die farao 'n droomuitlegger vir sy eie drome gesoek het.

So moet jy nie op mense nie, maar op God alleen vertrou. As jy minderwaardig voel, moet jy bly glo dat God juis wil hê dat jy klein word en Hom in jou lewe grootmaak. Hy sal jou weer in eer herstel as jy aan Hom bly vashou met 'n ware geloof. Jesus Christus het jou reeds met Hom versoen, wat jou in Hom nie 'n minderwaardige maak nie, maar 'n oorwinnaar.

*Sing: Psalm 31:1, 3*

*Ds. LJ Buys (Rustenburg-Wes)*